

**Skriflesing:** 2 Konings 2: 19 – 25

Teks: **2 Konings 2:21**

Sing: **VOORAF SANG – Ps. 48:1,4**

**TYDENS EREDIENS – Ps. 89:1, 6; Ps. 32:1; Ps. 65:2,3; Ps. 33:5,6**

**2 Konings 2: 19 – 25**

**2Ki 2:19** Die inwoners van die stad het vir Elisa gesê: "U sien self hoe mooi ons stad geleë is, maar die water is giftig en die oes uit die grond veroorsaak misgeboortes."

**2Ki 2:20** Elisa sê toe: "Bring vir my 'n nuwe skottel en gooi sout daarin." Hulle het dit na hom toe gevat.

**2Ki 2:21** Hy het uitgegaan na die plek waar die water uitkom en die sout daar ingegooi, met die woorde: "So sê die Here: Ek maak hierdie water bruikbaar sodat dit nie meer dood of onvrugbaarheid sal veroorsaak nie."

**2Ki 2:22** Die water is vandag nog bruikbaar, net soos Elisa gesê het.

**2Ki 2:23** Elisa is daarvandaan op na Bet-El toe. Terwyl hy op pad was daarnatoe, het 'n klomp klein seuntjies uit die stad gekom en hom gespot: "Hoër op, kaalkop! Hoër op, kaalkop!"

**2Ki 2:24** Hy het omgedraai, hulle aangekyk en hulle vervloek in die Naam van die Here. Twee bere het uit die bos gekom en twee en veertig van die kinders verskeur.

**2Ki 2:25** Van Bet-El af is Elisa na Karmelberg toe en daarvandaan na Samaria toe.

**Skriflesing:** 2 Konings 2: 19 – 25

Teks: **2 Konings 2:21**

Sing: **VOORAF SANG – Ps. 48:1,4**

**TYDENS EREDIENS – Ps. 89:1, 6; Ps. 32:1; Ps. 65:2,3; Ps. 33:5,6**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, gerugte in ons land oor besoedelde water, water wat cholera veroorsaak, water wat hele paar mense by Hammanskraal laat sterf het, is die nuusblaai vol. 'n Ongekende kragkrisis kan dalk om 'n manier nog bestuur word maar as daar 'n ongekende waterkrisis moet uitbreek, dan is die dood in alle opsigte in die pot. Sonder water kan geen mens lewe nie, werklik besoedelde water maak mense dood. Die bewyse is daar. Dit is nie 'n nuwe krisis nie.

Ons het vanoggend die dorp Jerigo kon instap. Jerigo wat goed geleë was. Ook toe Israel met hulle jare lange uittog uit Egipte en hulle baie jare se geswerf in die woestyn op die uiteinde die beloofde land kon ingaan was die eerste plek wat ingeneem moes word, was dit Jerigo gewees. Ons ken die aangrypende geskiedenis hoe Jerigo ingeneem was, nie met wapens nie, maar met musiek. Hoe Israel vir dae om die stad moes trek met die blaas en die gebruik van musiekinstrumente. Op die einde, die laaste dag wat hulle rondom die stad moes loop, toe moes hulle sewe maal om die stad loop. Op dié laaste dag toe daar weer met die musiek na vore gekom was, het die stad se mure ingestort, die stad het Israel kon inneem. God het nie wapens nodig om ook vir ons in ons tyd die stryd te help stry nie, ons het in ons hande die Psalms wat ons kan sing, dalk op die einde 'n baie groter wapen as die sterkste wapentuig wat daar kan wees!

Toe Jerigo inmekaar geval het, het God dit monumentaal wou maak, dalk selfs iets van 'n

sakramentele daad. Die volk moet nie probeer om Jerigo weer op te bou nie. Dit moes 'n monument bly van hoe God hier gehandel het. Lees ons egter 1 Konings 16 dan besef ons hoe dikwels wil God se kinders eenvoudig net nie luister nie. Abriram van Bet-El, Giël se oudste seun, begin Jerigo weer op te bou. Ook help sy jongste broer hom. Segub, maar op die bouverseel, wil ek aanvaar die mure het op hulle geval. Op die bouerrein is hulle gedood.

\*\*\*

Die volk het hulle nie laat afskrik nie, die monumentale waarde van God se historiese daad in Jerigo het die volk wou doodvee. Hulle bou Jerigo weer op. Dit word weer 'n groterige plek, die volk in Elisa se tyd wys hom nogal daarop hoe mooi is ons stad geleë, maar die water is giftig. Ons kry nie behoorlike oeste nie en nog erger; ons het baie tranerige mammas, ons swanger vrouens verloor die een na die ander hulle babas. Alles vanweë die giftige water. Ook as ons vandag besef God praat met 'n land, nie net deur sy Woord in Christus nie, maar ook deur sy water, word eintlik besondere woorde gespreek.

\*\*\*

Die woord wat God deur die water spreek is dan ook Elisa se tweede wonderdaad, die tweede wonderwerk wat hy deur water verrig het. Die eerste wonderwerk was toe Elisa ook soos sy voorganger Elia die Jordaan se water kon laat stilstaan. Elisa het met die mantel wat van Elia afgeval het toe Elia na die hemel opgevaar het die Jordaan se water geslaan en ons lees in 2 Konings 2 vers 14 *die water het na regs en links verdeel en Elisa kon deurgaans*. As ons so deur die lewe van Elisa gaan dan het hy eintlik meer wonders gedoen as Elia waarby ons van 8 wonders kon lees. Van Elisa lees ons so deur die loop van sy lewe van 16 wonders wat hy gedoen het. Baie van die wonders het wel met water te doen gehad. In 2 Konings 3 vers 20 gebeur daar ook iets buitengewoon. Daar lees ons van water wat onverwags van Edom se kant aangevloei het en die hele vallei met water gevul het. Wonderlik, ook as ons later sou kom by die dertiende wonder wat Elisa so in die verloop van jare gedoen het, was toe hy 'n teologiese student se byl op water kon laat drywe het (2 Kon 6:6).

Vandag het ons te doen met giftige water, water wat die lewe vernietig. In die plante, in die mense, maar Elisa se optrede by hierdie giftige water spreek van 'n wonder wat ons die wonderlike hiervan nie mag mis nie. Elisa vra dat hulle vir hom 'n nuwe skottel moet bring met sout volgemaak. Dadelik moet ons besef die besondere waarde en betekenis wat daar aan sout geheg was en sekerlik steeds geheg kan word. Meestal gebruik ons sout om kos meer geurig te maak en smaak te gee. Maar benewens dat sout aan kos smaak gee, was sout in die tyd van Elisa amper iets van geld. In die handelswêreld was sout 'n gewilde

ruilmiddel.

Ook weet ons sout was ook teken van dit wat ontsmet en die kwaad kan wegvat. 'n Pasgebore baba se eerste bad na geboorte was gewoonlik 'n soutbad met die bedoeling die kindjie word waarlik skoongewas en ook sommer ontsmet.

Dan het sout in die mense se geloof ook van mooi dinge gespreek. In Levitikus 2 vers 13 was sout baie belangrik by die offers as ons lees ... *13 Gooi sout by al jou graanoffers. Die sout herinner aan die verbond met jou God; moenie dat dit in jou graanoffers ontbreek nie. Bied sout aan op al jou graanoffers.* Die ouer vertaling praat van sout wat by die spysoffers moet wees, daar moes altyd sout wees. Israel het dit selfs genoem 'n soutverbond wat daar dan tussen hulle en die Here was. Mense het ook besondere vriendskap dikwels met sout afgeteken ... Hoe mooi staan dit in Numeri 18 vers 19 as ons lees van die soutverbond wat daar tussen mense moes wees. Die 2020 Vert. ... *Al die wydingsgeskenke van heilige gawes wat die Israëliete vir die HERE aanbied, gee Ek vir jou en vir jou seuns en jou dogters saam met jou as die deel wat julle altyd moet kry. Dit geld as 'n ewige verbond van sout voor die HERE vir jou en jou nageslag saam met jou.* God se besondere band met Dawid word ook in sout gesmee as ons lees 2 Kronieke 13 vers 5 - *5 Is dit nie aan julle bekend dat die HERE, die God van Israel, die koningskap oor Israel vir altyd aan Dawid, aan hom en sy nageslag, gegee het deur 'n verbond van sout nie?*

\*\*\*

Baie mooi dit wat die sout telkens afteken maar dan besef ons sout was ook teken van dit wat nie mooi is nie. Lot se vrou het met haar onnodige omkyk in 'n soutpilaar verander. Haar onvrugbare handeling laat in haar iets vergestalt van die Dooie See, 'n see so oorlaai van sout dat daar geen lewe in daardie see kon wees nie. Daarom dat God ook meermale, soos ook in Esegïël, sy volk se dooie geloof laat uitdrukking vind in hoe dood die Dooie See is. Alleen kan God in sulke dooie harte weer lewe skep soos ons inderdaad iets hiervan in Esegïël 47 kan sien gebeur. Die Dooie See wat begin te lewe. Maar dit is wat God alleen kan doen.

As Elisa die baie giftige water in Jerigo behandel dan besef ons daar is ryke betekenis, ryke simboliek in waarmee Elisa besig was. Hoe dikwels is die mens se lewe, so ook die inwoners van Jerigo was mense wat 'n vervloekte lewe lei. Die inwoners van die stad leef in onreinheid omdat hulle woon waar God nie wou gehad het die stad herstel moes word nie. Om daar te bly moes met die inwoners van die stad gebeur soos wat daar vir baie jare met

babatjies gehandel was. Daar moes 'n reiniging plaasvind.

\*\*\*

Iets van die doop wat baie vroeg afgeteken staan. Sonde en kwaad en ongehoorsaamheid in die mens se lewe maak die mens onrein. Dit is die gif in ons soos wat Jerigo se water en grond vol gif was. Dit het nie vanself so geword het nie, God het dit so gemaak dat sy woord kan deurdring soos wat sout in water kan oplos en deurdring. Dit wat moet deurdring tot die diepste veseltjie van jou en my menswees. Dit moet deurdring tot in alle fasette van die lewe, selfs waar 'n babatjie in die baarmoeder na lewe smag maar eers moet daar met die water iets gebeur voordat die babatjies sou kon bly lewe.

Dis hoe diep Elisa se optrede sou moes strek as hy nie die water op sigself met sout behandel nie, maar ons lees spesifiek hy het gewerk by die bron van die water, by die werklike oorsprong van die gif moes by uitgekom word. Hy het gegaan tot by die plek waar die water uitgekom het en die sout daarin gegooi. En dan praat hy namens God met die water asof water ore het. Maar eintlik word met die mens gepraat want die mens het ore en die mens moet wil luister. Die ouer vertaling stel dit duidelik- *hy het uitgegaan na die bron van die water, die sout daarin gegooi en gesê: "So sê die HERE, 'Ek het hierdie water gesond gemaak; dit sal nie meer dood of misgeboortes veroorsaak nie.'* " 22 Die water is tot vandag toe gesond, ooreenkomstig die woord van Elisa wat hy gespreek het.

\*\*\*

Aangrypend nie wat God alleen met die water laat gebeur het nie, maar wat God in die lewe van die mens wil duidelik maak en wil laat gebeur. Die sout moes nie verniet in 'n splinternuwe skottel aan hom gegee word nie. Die nuwe skottel waarin die sout moes wees stel 'n baie duidelike beginsel. As die water gesond mag word moet dit ook 'n nuwe begin vir die stad se inwoners inlei. En weereens as Elise die water behandel dan gooi hy nie die sout in die water nie. Dit sou in alle geval die water net brak maak maar die sout word gebring na die bron van die kwaad. Daar waar die gif begin daar moet die sout inwerk. As die bron gesond kan word dan sal die res van die water mos 'n helingsproses ondergaan. Die kwaad moet uitgehaal word presies daar waar die oorsprong lê dan kan die res van die water gesond word.

As ons hierdie behandeling van water dan op ons lewens begin toepas soos wat Elisa wou hê die inwoners van Jerigo moes doen. Ons kan dan eintlik al hoe beter verstaan in wat Jesus Christus ook vir ons op aarde kom doen het. Hy wat gesê het dat ons die sout van die aarde

moet wees. Tog besef ons Hy sou dit nie vir ons wou sê as Hy dit wat Hy vir ons toesê nie eers op Homself van toepassing sou maak nie. Christus was in alles waarlik die sout van die aarde ook in aansluiting by Elisa se daed met sout. Christus het soos die sout by die bron van die kwaad moes uitkom, het Christus by die bron van ons kwaad Homself gevoeg.

Hy het Homself as tweede Adam soos sout kom voeg omdat die eerste sout, die eerste Adam, ons “bron” laf geword het. Soos sout wat as dit laf geword het, kan jy daar niks mee maak nie. Sulke sout het Jesus gesê kan maar net op die grond gegooi word, goed genoeg vir die mense om daarop te trap. Die eerste Adam was inderdaad die begin van baie kwaad, die mensdom het geword soos ’n fontein wat die gif aanmekaar uitborrel. Dit ruk lewens en verwoes dit ook daar waar ons as mense aan onself oorgelaat moes word. Kain vermoor sy broer, Lameg begin met poligamie en dreig al wat mens is, hy word die eerste werklik groot geweldenaar. Hoe baie geweldenaars was daar nie al na hom gewees nie. Die aarde is vol daarvan. Suid-Afrika is besig om in die put van geweld en verkragting en moord al dieper af te sak. Ons sukkel om die sout, by die bron van so baie kwaad in ons land uit te bring, alhoewel dit eintlik nie so moeilik moet wees nie!

\*\*\*

Wie waarlik by Christus uitkom het ook by die sout uitgekom wat daardie giftige water gesond kon maak. Die mens kan weer lewe, hulle kinders kan in Christus lewend gebore word, alhoewel hierdie lewe maar altyd sal bly wat ons reeds al by die doop bely. Hierdie lewe wat niks anders as ’n voortdurende sterwe is nie. Tog die ware lewe, die diepere lewe, die ewige lewe is in Christus gewaarborg. Niemand kan dit van ons wegneem nie, al sterwe ons ook liggaamlik, maar in Christus lewe ons, al is ons dan nie meer op hierdie aarde nie.

\*\*\*

Elisa se heling van die water moet ons vandag laat besef ons en ons kinders is vir God kosbaar maar ons lewens moet ook geheel word. Israel het die pasgebore babatjies met sout ingevryf en is sout al vir hoe lank die mensdom op aarde is, op lelike wonde geplaas. Dit brand baie seer maar dit maak skoon, dit reinig. Ek moet my wil laat insout. So het Israel se offers ook gewerk, elke spysoffer, elke graanoffer moes gesout wees, om die aanbieding daarvan rein te maak.

\*\*\*

As ons dan Romeine 12 hier begin toepas en ons begin sommer by die eerste vers dan staan daar- ... *op grond van die barmhartigheid van God roep ek julle dus nou op om julle liggame beskikbaar te stel as 'n offer wat lewend en heilig is, en vir God aanneemlik. Dit is julle*

*sinvolle godsdiens.* (2020 Vert). Jou lewe en jou geloof is nie los te maak van jou liggaam nie. Jou liggaam moet vir God 'n lewende en heilige offer wees, dit moet vir God beskikbaar wees, of soos die 1933 '53 Vert dit stel- *dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer — dit is julle redelike godsdiens.* In die Grieks kom dit duidelik daarop neer, jy moet sorg dat jy jousef reeds in die posisie geplaas het dat jy vir God beskikbaar en bruikbaar sal wees. As die werking van sout dan nie reeds in ons is nie, dan sal ons nie vir God reg kan wees nie. Dan is ons steeds giftig soos die water van Jerigo baie kwaad aangerig het.

Mag dit só wees, ook in jou en my lewe, ook in die posisie waarin ons as gemeente onself voor God moet stel, dat ons gesoute, lewende en vir God welgevallige offers sal wees. Kyk na jousef, ja toets jousef hoeveel gif daar nie uit jou en my lewens borrel nie. Besef dan ook dat só kan dit nie aangaan nie, net so min as wat Elisa maar kon gehoor het van die water en hy sou sê ag dit moet maar so aangaan. Vir Elisa was dit 'n uitgemaakte saak. Die water moet geheel word, begin by die bron en maak die res skoon. Mag dit ook vandag vir jou en my dieselfde wees. Begin by die bron van die kwaad, hier diep binne my, laat die sout van die Heilige Gees, ja God se heilige Woord daarby kom en jy sal jousef nie ken hoe jou lewe in Christus in die regte posisie gekom het nie.

AMEN